

Woensdag 2 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8

Fokusgedeelte: Eksodus 19:6

Hoe dien 'n mens God as 'n priester?

In die derde maand ná die uittog het die Israeliete in die woestyn Sinai gekom en hulle het daar, teenoor die berg Horeb waar die Engel van die Here die eerste keer aan Moses verskyn het, laer opgeslaan. Terwyl die volk se laer daar gestaan het, het Moses opgeklim na God toe. Moses word die boodskapper tussen God en die volk. Bo van die berg af het God aan Moses toegeroep wat hy op sy beurt aan die kinders van Israel moes verkondig.

Dit is 'n gewigtige boodskap. Die Here vertel aan hulle dat die doel van die uittog bereik is! En wat is dit? Die volk het nou by die Here aangekom. Hy Self het hulle na Hom toe gebring. Hulle moet 'n koninkryk wees waar God regeer en waar hulle God as priesters dien.

Hoe dien 'n mens God as 'n priester? Deur Hom van harte lief te hê en deur jouself as 'n lewende dankoffer aan Hom toe te wy. Gedring deur wederliefde, omdat Hy jou eerste liefgehad het, moet jy jouself opoffer as 'n lewende offer wat jou uitbrand in diens aan God, en daardeur kom jou priesterfunksie ook ander mense ten goede. Jy verrig aan hulle die bediening van die versoening. Hierdie is nie 'n nuwe taak nie. Toe God die mens na sy ewebeeld geskape het, is hierdie priesterfunksie ingeskape – dit is deel van die skepping van die mens in ware geregtigheid en heiligheid. Hartlike liefde tot God en die naaste was wesentlik deel van die mens vóór die sondeval. Maar hierdie ingeskape priesterfunksie is gruwelik deur die sonde verwring. Liefde tot God en die naaste het verander in haat en offervaardigheid in selfsugtigheid.

Deur 'n besondere onderwysmetode wat aansluit by die bevatlikheid van die verbondsvolk in die Ou Testament, het God die priesterdiens en die offers ingestel om hierdie priesterlike roeping, ondanks die aantasting deur die sonde, lewend te hou. God wou steeds 'n koninkryk hê, waar sy volk Hom as priesters dien. En as selfs die hoëpriester en ander priesters en die hulpdieners van die Leviete misluk? Dan maak Jesus Christus ons dié koninkryk. Hy is deur God die Vader bestem en aangestel en deur die Heilige Gees gesalf tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbeding gedurig deur by die Vader vir ons intree. En omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, kan ek en moet ek my as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy.

Om elke gelowige se priesterfunksie te stimuleer, stel God die diakenamp in. Dit is 'n diens om die gemeenskap in Christus te laat lewe. Ons moet ons in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges deur die diakens laat lei. Onthou dat ons aangestel is as priesters in 'n koninkryk van priesters waar ons as lewende dankoffers ons vir die Here uitbrand!

Sing: Psalm 134-1:2

Ds. JJ de Kock (kobus) (emeritus)